FORMULE 1 IN SKOLE:
TEAM ZEALLOUS VAN HOëRSKOOL STELLENBOSCH DOEN DIT VIR DIE DERDE JAAR AGTEREENVOLGENS.....

Foto van links na regs (aangeheg - JPEG-formaat)

Bez Sangari (Eienaar en hoofborg van Formule 1 in Skole), Kyla Smit (Bronbestuurder), Marisa Niemandt (Spanbestuurder en Grafiese ontwerper), Leonardo Maré (Ontwerp- en Vervaardigingsingenieur)

'n Nuwe Team Zeallous van Hoërskool Stellenbosch het verlede week aan die Suid-Afrikaanse Formule 1 Kampioenskap in skole deelgeneem. Die span het in Johannesburg by Kayalami met 17 ander skole van vier provinsies meegeding en hierdie graad 10-leerders is as Nasionale Kampioen gekroon. Mondelingse aanbieding, voorstelling, bemarking, ontwerp asook afwerking van hierdie 20cm motor was van die katergorieë waarin punte behaal kon word. Die span het nie net uitstekend daarin gevaar nie, maar die motortjie het ook 'n afstand van 20 meter in 'n skitterende 1,135 sekondes afgejaag.

Die finale uitslae is as volg:

- Eerste plek in beste ontwerp vir F1 motor
- Eerste plek in voorstelling en bemarking van span.
- Gesamentlik eerste met Team Twixe in kwaliteitafwerking en vervaardiging van motor.
- Tweede plek in mondelinge aanbieding.
- Tweede vinnigste motor.
- Derde plek vir die gebruik van sagteware vir Formule 1 (ICT en CAD).
- ALGEHELE WENNER VIR 2008-2009 F1-SEISOEN.

Team Zeallous gaan in September aan die wêreldkampioenskappe in London (Engeland) deelneem. Hulle verteenwoordig nie net Hoërskool Stellenbosch nie, maar ook die hele Suid-Afrika. Vorige spanne van Hoërskool Stellenbosch het die vorige twee seisoene in Australië asook Maleisië onderskeidelik deelgeneem. Hierdie talentvolle span gaan beslis die ervaring van die vorige spanne gebruik om as die Wêreldkampioen gekroon te word.

Zeallous bedank die volgende maatskappye en instansies:

College of Cape Town (**ondersteunings- en vervaardigingsentrum)**
Willem Amoraal (Koördineerder van F1-skole in Wes-Kaap)
Volkswagen Stellenbosch (Mnr E Evenwel)
Draaiberg Engineers (Mnr A Niemandt)
Silverplate Signs
GP Paneelkloppers (Mnr G Esterhuyzen)
Capey (Mnr S Alberts)
Zeallous Racing (Hoërskool Stellenbosch)
Hoërskool Stellenbosch (Mnr Fanus Fourie en mnr Hugo Minnaar)

Besoek webwerf vir verdere ingligting: www.zeallous.co.za
BORGE EN DONATEURS GAAN HIERDIE SPAN SE TAAK LIGTER MAAK....
KONTAKBESONDERHEDE: Mnr Fanus Fourie – fo@stellies.com /084 681 5815